VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Sally Cockcroft, Francois Robbertze, Stefan Roux, Ernest Samuel, Dirk Visser, Thedo Visser.
Maandag:	Viensie Beisheim, Francois de Vries, Marié Schmidt, Elizabeth van Lingen, Mia van Zyl.
Dinsdag:	Elisa van Niekerk, Liesl Wessels.
Woensdag:	Danielle Coetzer, Elizna Taylor.
Donderdag:	Jackie du Toit, BJ van der Walt, Rita Viviers.
Vrydag:	Carla Botha, Rosalie de Jager, Maretha du Toit, Jacques Grobbelaar, Christelle Hugo, Marius Kritzinger, Petra Rademan, Annette Theron.
Saterdag:	Marius Lorenzen, Neal van Blerk, Joshua van der Merwe, Andries Venter.

Een van ons lidmate is **opsoek na werk** - tydelik of permanent. "My sterkpunt is kleinhandel maar ek is bereid om te leer." Drika Willmot tel 0729079013

Dame (lidmaat van ons gemeente) beskikbaar om huise op te pas indien iemand met vakansie gaan, beskikbaar om saans vir paar uur kinders op te pas indien ouers wil uitgaan, asook geselskap vir bejaarde saans en/of gedurende naweke indien kinders wil uitgaan of weggaan.
Kontak Liza 082 564 6563

Baie dankie aan almal wat **ECO-BRICK** bottels geskenk vir ons projek. Ons is oorweldig deur julle moeite hiermee. Ons projek het nou gestop en die laaste bottels sal 12 Maart Stellenbosch toe geneem word. Indien jy nog wil aanhou met hierdie projek, is jy welkom om die **bottels self by Maties FM** se kantore af te laai in die Neelsie. Vir hulle om dit te kan gebruik om te bou, moet die bottel stampvol wees (sodat sy kante nie buig as jy dit druk nie) en rondom 3kg.

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou bank– en dankoffer te gee. NB: Stel jou foon se klank op geluidloos.

FAMILIEKAMP: 3-5 MEI 2019 te VLOEDBOS

Daar is nog huisies beskikbaar, baie kampstaanplek! Laat weet asb. die kerkkantoor indien julle saam wil kom kuier.

LEWER GERUS KOMMENTAAR aangaande die eredienste. Stuur dit na eredienste@nghottentotsholland.co.za of *anoniem* vanaf die webblad: http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste#

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 17 MAART 2019

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENSTE

VANDAG:	DERDE SONDAG IN LYDENSTYD
09:00:	HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING:	FILIPPENSE 1:20-21
TEMA:	INTEGRITEIT STEL ANDER IN STAAT OM MET HUL OË TE HOOR.

KOM DRINK GERUS TEE NA DIE EREDIENS

DEUROFFERS:

Verlede week is R2900 ten bate van Huis Andrew Murray ingesamel.
Vandag se deuroffer gaan aan die bediening aan Dowes
Die Nasionale Instituut vir Dowes is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om die Dowes se stilte en afgesonderdheid te verbreek deur vir hulle taal aan te leer, die Woord van God te leer, en alles-omvattende dienste te verskaf.
Vandag, 135 jaar later, is die Nasionale Instituut vir Dowes verantwoordelik vir Volwasse meervoudig-gestremde Dowes wie nie selfstandig kan funksioneer nie en residensiële sorg en beskermde werkswinkels binne 'n terapeutiese omgee-gemeenskap ontvang. Twee tehuise vir bejaardes op Worcester en in Bellville skep 'n veilige en gemaklike omgewing vir Dowes asook liggaamlik gestremde Dowes en Doof-blinde persone. Die NID Akademie bied steundienste waaronder maatskaplike en terapeutiese ondersteuning aan persone met gehoorverlies.
NID Kollege bied verskeie geakkrediteerde beroepsopleidings-programme vir dowe studente aan. Tans word Dowes ook as predikante en pastore opgelei by Deaf Christian Ministry Africa by NID om die meer as 400 000 moeilik bereikbare Dowes in Suid-Afrika te bedien met die Woord.
Volgende week: Bediening aan die Jode

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Jeugleraar: Nicola Alberts; 074 313 7745; nicola@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 9:00 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

NOG VRYWILLIGERS NODIG:

- **Mountview** soek vrywilligers wat sal help op 'n uitstappie na die Strand vir die bejaardes op 4 April om 9:00. Dis net kwessie van te help met bejaardes te stap, ens. Enige bereidwilliges kan vir Elise Opperman kontak by tel 082 9288 570.
- **Bright Lights** het tans 'n behoefte aan iemand wat op 'n middag/e kan help met die senior seuns, wat inwoon, se huiswerk. Belangstellendes kan vir Tilda Smith skakel by 071 491 7798.

Bybelgesprek hervat weer op Woensdag 3 April 2019, 08:45 – 09:45. Hierdie is nie 'n Bybelstudie in die tradisionele sin van die woord nie, en ook nie 'n Bybelskool nie – wel elemente van beide. Die bedoeling is om met die Bybel en met mekaar in gesprek te tree, en veral dat die Bybel met *óns* in gesprek sal tree. Enigiemand is welkom. As jy nog nooit daar was nie, en net een of twee keer wil kom luister, is jy baie welkom. As jy al daar was, en weer wil kom, is jy net so welkom. Ons gaan in die tweede kwartaal in gesprek tree met die eerste boek in die Bybel, Genesis.

Menseregtedag in Suid-Afrika herdenk die geskiedkundige gebeure van Sharpeville in Maart 1960, maar dien ook vir ons as 'n herinnering aan die basiese reg tot menswaardigheid, vryheid, geregtigheid en vrede.
"What counts in life is not the mere fact that we have lived. It is what difference we have made to the lives of others that will determine the significance of the life we lead."
Nelson Mandela
Menswaardigheid is een van die sinode se 16 fokusareas.

Ons het BAIE wyn nodig!

Enige iemand wat graag wil wyn skenk vir die veiling kan dit gerus aflaai by die kerkkantoor (die dames het belowe om dit veilig te bewaar) of kontak vir Nicola om dit by jou op te laai. Hierdie fondsinsameling word op 21 Mei gehou ten bate van die bediening van ons jeug. Ons sien baie uit daarna en hoop dat julle die aand saam met ons sal kom geniet.

#imagine 29-31 Maart 2019 Bredasdorp

Dit is 'n Christelike tiener-beweging waar duisende tieners regoor die land vir 'n naweek bymekaar kom en gesels oor temas wat hulle help hoe om Christenskap prakties uit te leef in hulle alledaagse lewens en om hulle "image" in God te vind. Dit is 'n wonderlike belewenis!
Inskrywings sluit 22 Maart en is R450 pp. Inskrywingsvorm by Nicola of aanlyn beskikbaar. Betalings kan aan die kerk gemaak word. **Busvervoer** beskikbaar @ R300 retoer. Meer inligting is verkrygbaar by Annette van Helderberg gemeente (fbadmin@nghelder.co.za)

KERKRAADSVERKIESING:

By die volgende kerkraadsvergadering moet 'n nuwe kerkraadslid verkies word. **Gemeentelede word versoek om asseblief te bid dat die regte persoon genomineer en verkies sal word en om asseblief persone te nomineer.** Jy kan dit doen deur hulle name by die kerkkantoor af te gee, of per e-pos te stuur aan admin@nghottentotsholland.co.za
Onthou asseblief om vir hierdie belangrike saak te bid. Op hierdie manier word kerkraadslede deur die hele gemeente verkies.

Ons herinner jou graag om **nie-bederfbare produkte**, toiletware en skoonmaakmiddels op 'n Sondag saam te bring na die erediens of by die kerkkantoor af te laai. Ons probeer om op 'n maandelikse basis kospakkies aan mense in ons eie gemeente te voorsien wat dit nie kan bekostig nie. Dankie vir jou bydrae!

OGGENDFUNKSIE - 16 APRIL, 10:00

Kom luister gerus na die boekbekendstelling van die bekroonde skrywer, Barend Vos se nuwe Grootseun-boek - in ons kerkgebou - Dinsdag 16 April, 10:00.
Hierdie is 'n funksie vir ALMAL wat gedurende die dag beskikbaar is. Moet asb. nie dink jou ouderdom of jou jeug sluit jou uit nie. Diegene wat nog maklik kan bestuur, kan gerus iemand vir wie dit moeiliker is, uitnooi en saambring daardie oggend.